# Besit jou besittings jou?

Te veel besittings kan versmorend wees – dis bevrydend om af te skaal en minder te maak. Onthou Prediker se les: "Die oorvloed van die ryke laat hom onrustig slaap."

**DEUR** HEINRICH KRUGER

Ek het die afgelope 20 jaar verskeie kere die houvas wat my besittings op my gehad het, probeer afskud. Dit was bevrydend!

Dit was nie altyd standhoudend nie, maar hopelik het ek dit hierdie keer behoorlik reggekry.

Wanneer jy deur grootouers en ouers grootgemaak is wie se finansiële wortels uit die Groot Depressie van 1929 kom, is jy geneig om op te gaar en te spaar. Veral as jy jou volwasse professionele lewe met die opdraande stryd van inflasie en stygende rentekoerse tussen 1970 en 1998 aangepak het! Dit het my 'n ewige renons in skuld gegee.

Toe rentekoerse ná September 1998 van die vlak van 21% af begin daal, was dit relatief maklik om so vinnig as moontlik van jou skuld ontslae te raak deur net jou paaiement te handhaaf en al hoe meer kapitaal te delg. Siedaar, jy was skuldvry!

Maar baie mense het die toenemende goedkoop lenings gebruik om ál meer goed te koop, want met die dalende rentekoerse was dit al hoe makliker om jou skuld vinnig af te betaal en ál meer besittings te hê.

Die dalende rentekoerse het mense grootliks ontneem van die wil om geld in die bank te spaar; hulle het eerder illikiede bates bymekaargemaak. Ander het egter gereeld beleggings in hul pensioenfondse en aandeleportefeuljes inbetaal.

## Risiko van jou 'goed' steel vreugde

Eerder as om rente aan die bank te betaal het hulle die dividende en kapitale stygings in hul beleggings teruggeploeg. Só het hulle op lang termyn groot likiede beleggings opgebou wat dit uiteindelik immuun teen markineenstortings gemaak het.

> Die risiko van jou kapitale belegging in hierdie vaste beleggings begin later die vreugde steel om dit te besit.

Die probleem met vaste beleggings in onder meer eiendomme, motors of bote is die hoë koste van onderhoud, berging en beskerming daarvan teen diefstal en skade. Om nie eens te praat van die bestuur daarvan én kommer daaroor nie.

Die tweede probleem is die konsentrasierisiko van jou "goed" sowel as gebrek aan likiditeit. Die risiko van jou kapitale belegging in hierdie vaste beleggings begin later die vreugde steel om dit te besit. Jou kapitaal word boonop weggekalwe.

Konsentrasierisiko verwys na die beskrywing om te veel eiers in een mandjie te hê. Likiditeit beteken dit is moeilik en langsaam om hierdie besittings van die hand te sit.

Likiede beleggings soos jou geld in die bank, aandeleportefeulje en pensioenfonds is baie meer verskans teen hierdie bedreigings as vaste besittings.

Ek het vriende wat suksesvolle eiendomsportefeuljes besit het. Ek ken selfs 'n paar wat ou motors versamel het en dit vir meer as die aanvanklike koopprys verkoop het. Maar glo my, hul likiede beleggings was altyd meer werd.





> Die probleem met vaste beleggings in onder meer eiendomme, motors of bote is die hoë koste van onderhoud, berging en beskerming daarvan teen diefstal en skade.

## Drasties afgradeer

Moet my nie verkeerd verstaan nie, ek het self aan my "verkeerde" kant van 60 jaar meer goed in die vorm van huise, kantore, fabrieke, skilderye, matte, motors, bote, gereedskap, klere en wat ook al opgegaar.

Genadiglik was tyd aan my kant en het ek darem ook die meer likiede bates bymekaargemaak.

Die eerste keer dat ek besef het ek begin in besittings versmoor, was nadat die oudste van ons twee kinders die huis verlaat het in die soeke na hoër geleerdheid op 'n opwindende dorp ver van haar ouerhuis.

Terselfdertyd is 'n wewenaarvriend oorlede en was dit my taak om sy woon- en vakansiehuis te ontruim en sy eiendomme te verkoop. Die motorhuise, pakkamers en kaste vol van jare se opgegaarde goed wat in kartondose en op rakke gepak was, het my aan ons eie huis herinner. ▶



Ek het vir my vrou gesê ons kan nie dieselfde aan ons kinders of ander mense doen nie. Ons het besluit om na 'n kleiner woonplek af te gradeer en weg te doen met alles wat nie lewensnoodsaaklik was nie.

Dit was 20 jaar gelede. Intussen het ons min of meer dieselfde proses vir die derde of vierde maal herhaal – elke keer met 'n natuurlike verandering in leefstyl. Ons tweede dogter is deur dieselfde proses uit die huis uit; ons het tussen Johannesburg en die Kaap begin pendel met 'n woonhuis in elke plek; ons een dogter en haar gesin het daarna geëmigreer; ons het besluit om heeltyds in die Kaap te begin woon, en tans woon, werk en roteer ons min of meer elke ses maande tussen die Suidelike en Noordelike Halfrond.

'n Mens raak meer geheg aan sekere besittings as aan ander. Die lakmoestoets lê daarin of jy daarvan ontslae kan raak en of daardie besitting jou begin besit.

## Wegmaak is bevrydend

Elke proses waarin ek die houvas van besittings op my afgeskud het, deur weg te gee, weg te gooi of te verkoop, was vir my 'n katarsis. Ek het meer likied daar uitgekom en nie net bevry gevoel nie – ek wás bevry.

Net soos ek mense leer om só te begroot dat hulle hul geld net aan noodsaaklike behoeftes eerder as begeertes bestee, is my toets vir besittings dieselfde. Wat skuld betref, kan ek dit nie genoeg beklemtoon nie: Vermy skuld tot elke prys in 'n stygende rentekoerssiklus te midde van inflasie.

Die enigste tyd wanneer skuld as 'n instrument vir bateverkryging aangewend behoort te word, is tydens 'n dalende rentekoers en dalende inflasiesiklus. Die wêreld is tans in 'n stygsiklus, dus baie onaantreklik om skuld aan te gaan. As jy nie kontant kan koop nie, beteken dit jy kan dit nie bekostig nie.

Stoorkamers en pakhuise is een van die wêreld se eiendomsbeleggings wat vinnig groei. Die pakhuiseienaars wil nie hê mense moet van hul goed vergeet nie, daarom is hul model meestal op korttermynverhuring gegrond. Die huurprys styg dus maandeliks met 'n groter bedrag totdat dit ná 'n paar maande eksponensieel begin styg. Mense word dan finansieel gedwing om weg te doen met die inhoud.

Sosiale media moedig ook hul verbruikers aan om hul bemarkingsplatforms vir verkoop van besittings te gebruik. Van my jonger personeel het my aandag daarop gevestig en my só gehelp om van oorbodige goed ontslae te raak.

> As jy nie kontant kan koop nie, beteken dit jy kan dit nie bekostig nie.

> Elke proses waarin ek die houvas van my besittings op my afgeskud het, deur ligter te maak, was vir my 'n katarsis.

Heinrich Kruger is die stigter, Besturende Direkteur en Beleggingshoof van Kruger Internasionaal. Hy was voorheen 'n joernalis en stadsraadslid, en het 28 jaar se ondervinding in finansiële markte, spesialisbeleggingsvelde en eiendomsontwikkeling by talle beleggingsmaatskappye op die JSE opgedoen. Hy en sy span bestuur hul kliënte se geld presies soos hul eie. Meer inligting: www.krugerinternasionaal.co.za



Foto's Gallo Images/iStock en verskaf

## BYBELSE BEGINSELS IS FONDAMENT

Die onderstaande artikel deur prof. Stephan Joubert van eKERK het op die eKERK-webtuiste verskyn en hy het ingestem dat ek dit mag gebruik. Die Bybelse beginsels wat hy aanhaal, is die fondament van hoe ek glo 'n mens met die besittings moet werk wat God aan jou skenk.

### HOE MEER JY WIL HÊ, HOE MEER IS JY 'N SLAGOFFER VAN JOU BESITTINGS

Prediker 5:9-14 deel agt lesse oor die goor gevolge van 'n eindelose najaag van besittings. Nee, die Prediker is glad nie gekant teen geld of rykdom nie. Allesbehalwe. Hyself was welvarend, maar hy weet hoe gevaarlik dit is wanneer geld ons baas word. Dan verander ons in lewenslange slawe daarvan. Daarom leer hy in Prediker 5 vir ons hoe om reg met besittings om te gaan sodat dit ons nie besit nie:

**VERS 9a:** *"Die mens vir wie geld alles is, het nooit genoeg geld nie."*
**Les 1:** Hoe meer jy het, hoe meer wil jy hê.

**VERS 9b:** *"Die mens vir wie rykdom alles is, kry nooit genoeg in nie."*
**Les 2:** Hoe meer jy het, hoe minder tevrede is jy.

**VERS 10a:** *"As die goeie dinge van die lewe baie word, word die eters ook baie."*
**Les 3:** Hoe meer jy het, hoe meer wil ander daarin deel.

**VERS 10b:** *"Al wat die eienaar daaraan het, is om dit te aanskou."*
**Les 4:** Hoe meer jy het, hoe meer besef jy dit help jou nie genoeg nie.

**VERS 11:** *"Die slaap van die arbeider is soet, of hy min eet of baie, maar die oorvloed van die ryke laat hom onrustig slaap."*
**Les 5:** Hoe meer jy het, hoe meer het jy om jou oor te bekommer.

**VERS 12:** *"Ek het in hierdie wêreld 'n bitter swaar ding gesien: dat 'n man rykdom opgaar en dat dit vir hom ellende bring."*
**Les 6:** Hoe meer jy vasklou aan geld, hoe groter is die skade wat dit aan jou menswees aanrig.

**VERS 13:** *"Hy doen verkeerd sake en verloor die rykdom. Hy het intussen die pa van 'n seun geword en dié kry niks nie."*
**Les 7:** Hoe meer jy het, hoe meer kan jy verloor.

> Hoe meer jy het, hoe meer kan jy verloor.

**VERS 14:** *"Self gaan hy kaal uit die wêreld soos hy daarin gekom het. Hy kan niks met hom saamneem nie."*
**Les 8:** Jy kan niks saamvat as jy die dag sterf nie. **B**